# Vergete Paaie: DEEL 3 – GETROUHEID

## AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

***Spreuke 14:12***

***Daar is 'n lewenswyse wat vir 'n mens reg kan lyk, maar die uiteinde daarvan is die dood.***

**Wat dink jy is die verskil tussen Lojaliteit en Getrouheid?**

___

___

**Bestudeer die volgende woorde van Jesus in Matteus 25:14-30, en bespreek wat moontlik die rede kon wees dat hierdie slaaf nie getrou was nie?**

___

___

___

**Bespreek, hoe die volgende 4 redes veroorsaak dat ons soms nie getrou bly aan God, mense en verantwoordelikhede:**

- **Moegheid ; Vrees ; Teleurstelling ; Afleiding**

___

___

___

# Areas van Getrouheid

**Bestudeer die volgende gedeeltes en bespreek op watter manier ons getrou moet bly aan die Here (in verhouding met God), ons roeping as Christene en die Kerk.**

**Galasiërs 5:22 ; Hebreërs 10:23 ; 2 Timoteus 2:15**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**Wat is dit wat ek en jy in ons huwelik of verhoudings moet doen om getrou te bly?**

**Hebreërs 13:4**

**4Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar, want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom.**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**Bestudeer Lukas 16:10-12, en bespreek die belangrikheid van getrouheid in die seisoen van vandag, sodat die impak van dit in die toekoms beleef sal word. Wat is dit wat ek en jy vandag moet doen om een dag te wees waar ons wil wees?**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**Die enigste rede hoekom ek en jy kan probeer om getrou te wees, is omdat die Here Jesus getrou is. Hy was getrou as God en as mens en daarom kan ek en jy vandag weer kies om te probeer. Dalk het jy al opgegee, vandag is daar vir jou Hoop dat ons Here nie op jou opgee nie. Vandag is die dag wat jy weer kan opstaan in klein en groot dinge, omdat die Here Jesus jou graag wil kom help om dit te doen. Bestuur Paulus se woord hier onder en bespreek dalk in watter deel van jou lewe jy gebed soek sodat jy weer getrou sal wees.**

**1 Korintiërs 1:4-9**

**4Ek dank my God altyd oor julle vir die genade wat Hy in Christus Jesus aan julle geskenk het, 5want in Hom het God julle in alles ryklik geseën, veral in die gawes van woord en kennis. 6Die boodskap van Christus is onder julle so goed gevestig 7dat dit julle nie aan 'n enkele genadegawe ontbreek nie. Julle bly ook vol verwagting uitsien na die verskyning van ons Here Jesus Christus. 8Dit is Hy wat julle ook end-uit sal laat vas staan, sodat daar geen aanklag teen julle sal wees op die dag dat ons Here Jesus Christus kom nie. 9God is getrou, Hy wat julle geroep het om verenig te lewe met sy Seun, Christus Jesus, ons Here.**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**